

DIE BELYDENIS VAN BELHAR 'n Herbesinning

Dr Hennie Conradie

AGTERGROND

Die **Belydenis van Belhar** is vanjaar (2007) reeds 21 jaar oud. Dit handel onder meer oor die eenheid van die kerk, maar in plaas daarvan om die eenheid van die kerk te dien, staan dit nou al 21 jaar lank in die pad van strukturele eenwording van die familie van NG Kerke.

Na die NG Sendingkerk (NGSK, later VGK) se aanvaarding van die Konsepbelydenis van Belhar in 1982, het die Algemene Sinode van die NG Kerk (NGK) sy hartseer en ontsteltenis uitgespreek oor die "onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery."

Die sinode het hom voorts bereid verklaar om "op 'n gelyke gespreksbasis saam met die NGSK opnuut na die Skrif te gaan ten einde te soek na die antwoorde op die verskillende kwelvrae." (*'n Oomblik van Waarheid p 127, J J F Durand*) Hierdie aanbod is nie deur die NGSK aanvaar nie.

Die NGSK het egter voortgegaan en inkriminerende aantygings dat die NGK se teologiese regverdiging van apartheid kettery was, in 1986 finaal in die **Belharbelydenis (BB)** "vasgelê." (*Dr. Allan Boesak, Die Ligdraer 16.10.1986*) "In die belydenisskrif", sê 'n ander opsteller, "word die ketter en sy dwaalleer ontmasker" (*Durand. a.w. p42*)

"Die een dwaalleer na die ander wat saamhang met die apartheidsdenke (word) verwerp vanuit die leerstukke van die eenheid van die kerk, die versoening van Christus en die geregtigheid van God" (*Durand. a.w. p126*)

Hierteenoor moet opgemerk word dat die NGK se teologiese regverdiging van apartheid in geen stadium 'n leerstuk of belydenisskrif was nie, maar beleidstukke wat van sinode tot sinode gewysig is, en waarvan hy hom in 1990 geheel en al losgemaak het. Die meerderheid NGK-lidmate het ook "Ja" gestem vir onderhandeling "met die oordra van die regeermag aan die ANC." Die NGK het ook herhaaldelik sy skuld en spyt oor sy ondersteuning van die apartheidsbeleid bely.

Dit alles het egter nie die Verenigde Gereformeerde Kerk (VGK) daartoe gebring om sy eis dat die BB as belydenisskrif van die verenigde kerk aanvaar moet word, te laat vaar nie.

Van die kant van die NGK was daar volgehoue pogings om met die VGK tot 'n vergelyk te kom en 'n manier te vind waarop die BB in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk geakkommodeer kan word. So is byvoorbeeld in 2004 voorgestel dat die BB as 'n opsionele belydenis in die belydenisgrondslag opgeneem kan word op 'n ander vlak as die Drie Formuliere van Eenheid. Die VGK se sentiment rondom Belhar kan sodoende gerespekteer word maar die

ander verenigende kerke hoof dit nie te aanvaar nie – die RCA en die NGKA het dit immers reeds afgewys.

Die VGK het die voorstel egter onaanvaarbaar gevind. Ds. James Buys (moderator van die VGK) het gesê so 'n reëling skep ruimte vir leervryheid en dr. Boesak het die NGK van kwalik bedekte politieke agendas beskuldig en van halsstarrigheid.

Dit alles word breedvoeriger behandel in ons navorsingstuk **Die Belydenis van Belhar – Waarom gaan dit (Hennie Conradie 2005)**

WAT HET INTUSSEN GEBEUR?

N G Kerkrade word getoets

Die eerste ding wat gebeur het, of veronderstel was om te gebeur, was dat kerkrade van NGK-gemeentes hul standpunte oor kerkvereniging en die plek van die BB in die verenigde kerk moes formuleer. Dit het die Algemene Sinode van 2004 besluit.

Kerkrade is versoek om voor 'n bepaalde datum in 2006 die Algemene Sinodale Moderatuur van hul standpunte in kennis te stel.

Die kerkraad van Hermanus het na 'n deeglike studie van die ontstaansgeskiedenis én die inhoud van die BB besluit dat hy die ideaal van kerkvereniging ondersteun, maar nie as Belhar deel van die belydenisgrondslag van die verenigde kerk sou wees nie. Vir die gedagte van 'n opsionele belydenis soos deur die Algemene Sinode voorgestel in sy sogenaamde "ruim huis"-model, sou die kerkraad wel te vinde wees. So is dit aan die kerkleiding oorgedra.

Meer as 'n jaar het intussen verloop en ons wag nog steeds op terugvoer van die kant van die Algemene Sinodale kantoor.

- Hoeveel kerkrade het aan die sinode se versoek voldoen?
- Wat was die meerderheidstandpunt oor Belhar?
- Die Vrystaatse NGK-sinode het in 2005 reeds besluit hy steun kerkvereniging maar aanvaar nie Belhar as deel van die belydenisgrondslag nie.
- Waarom sê Wes- en Suidkaap nie vir ons wat die stand van sake hier is nie?

Die tweede belangrike gebeurtenis was:

Die sogenaamde "deurbraak" van Junie 2006

In wat gelyk het na 'n ommekeer om die NGK tegemoet te kom, het die leiers van die VGK die NGK in 2006 meegedeel dat hulle voortaan nie die aanvaarding van Belhar as voorwaarde vir kerkvereniging sal stel nie.

Dit is voorgehou as 'n groothartige toegewing van die VGK. Belhar sou dan soos die NGK se Algemene Sinode voorgestel het, as 'n opsionele belydenis in die belydenisgrondslag van die verenigde kerk opgeneem kon word wat nie deur die ander kerke onderskryf hoef te word nie. (So altans het baie lidmate van die NGK dit verstaan)

Neels Jackson vat dit goed saam as hy skryf *“daar is wyd geglo dat Belhar nou nie meer 'n struikelblok op die pad na kerkeenheid is nie.”* (Die Burger 31 Aug. 2007)

Maar dit was blykbaar 'n mistasting.

Op die VGK-konferensie waarvoor Jackson verslag doen, het dit geblyk die VGK stem nie met die vertolking hierbo saam nie. Ds. James Buys, vorige VGK-moderator, sê die belydenisgrondslag van die nuwe kerk moet eers uitsorteer word voordat tot kerkeenheid oorgegaan word. Dit geld steeds die posisie van Belhar.

Die VGK, sê ds. Buys, wil graag *“ruimte skep vir mense wat nie dadelik gereed is om Belhar te aanvaar nie...”* maar hy beklemtoon dat dit **“nie op 'n vrye keuse vir altyd neerkom nie.”** Sulke mense *“moet deur die kerk begelei word om Belhar te aanvaar.”*

In die inligtingstukke wat die NGK aan sy gemeentes stuur, sê ds. Buys, sien hy egter niks van so 'n proses van begeleiding nie. *“Dit lyk daarvolgens of mense bloot moet kies om Belhar te aanvaar of nie.”*

So verneem ons dan van die VGK via die dagbladpers dat die sogenaamde “deurbraak” niks meer was nie as 'n **vernuftige truuk** waardeur die lede van die ander drie kerke, en in besonder die NGK, om die bos gelei is.

As dit so aanvaar sou word, sou dit inderdaad 'n groot deurbraak wees...vir die VGK. Die rolle is nou omgekeer: In **2004** was dit die NGK wat wou ruimte maak vir die VGK deur laasgenoemde se kontemporêre belydenis op 'n ander vlak as die Drie Formuliere van Eenheid in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk op te neem.

In Junie **2006** is dit die VGK wat goedgeunstig ruimte maak vir lidmate en gemeentes wat nog nie gereed is om Belhar as volwaardige gesaghebbende belydenisskrif te aanvaar nie. Maar dit is 'n **vergunning wat nie onbepaald gekontinueer kan word nie**, die beswaardes moet deur die kerk begelei word om Belhar te aanvaar.

In reaksie hierop het prof. Piet Strauss, moderator van die Algemene Sinode van die NGK, vroeg in September **2007** saam met die moderators van die ander drie kerke 'n verklaring uitgereik waarvolgens Belhar nie as voorwaarde vir kerkeenheid beskou word nie – **“nie aan die begin nie en ook nie later nie”**.

Hy vertolk dit so dat “**nie van alle nuwe predikante in die verenigde kerk verwag sal word om Belhar te onderteken nie. As dit wel die geval moes wees....sal dit nie in die NGK aanvaar word nie.**” (Die Burger 10 Sept. 2007)

Die VGK-moderatuur, onder wie prof. Kgatla en dr. Allan Boesak, se reaksie hierop was: die vier moderators se verklaring “*verteenwoordig nie die VGK se standpunt oor Belhar nie.*” Vir die VGK is Belhar “onvervangbaar” en “onvervreembaar” (Die Burger 10 Sept 2007)

Na ons mening is daar twee lesse uit hierdie tragies-komiese verloop van sake te leer:

- 1) *Dat ds. James Buys gelyk het as hy sê die belydenisgrondslag van die nuwe kerk moet eers uitgesorteer word voor met kerkvereniging voortgegaan kan word.*
- 2) *Dat ons kerkleiding ons lidmate op die hoogte moet hou – nie bearbei om Belhar te aanvaar nie – van wat oral in die kerk oor die omstrede saak gedink en besluit word.*

Vroeg in September 2007 het kerkrade toe wel ‘n stuk van sinodale kant ontvang, naamlik:

“Voorstelle waaroor gemeentes nou gekonsulter word”

Dit is die derde belangrike ding wat in die jongste tyd gebeur het.

In sy geheel genome skep die stuk ongelukkig eerder die indruk van ‘n pleidooi vir die aanvaarding van Belhar as ‘n objektiewe inligtingstuk. Die kerkrade (gemeentes) word gekonsulter oor standpunte “*wat aanvaar is as punte van konsensus tussen die vier kerke.*”

Ons vind dit vreemd dat die NGKA en die RCA, wat Belhar reeds afgewys het, nou betrek word by gesprekke tussen die NGK en die VGK. Dit geskied blykbaar nie sodat die NGKA en RCA saam met die NGK ‘n verenigde front kan vorm teen die VGK se onaanvaarbare BB nie, maar sodat dié twee kerke tot instemming oorreed kan word elke keer wanneer die NGK toegee aan die VGK se eise.

Die konfessionele basis waaroor daar “konsensus tussen die vier kerke” is, behels dat:

- 1) Die aanvaarding van Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkeenheid is nie
- 2) Deur die vier kerke sal verder oor die Bybelse inhoud van Belhar gepraat en ooreenkoms bereik moet word, sodat dit in die nuwe kerkverband gepreek en onderrig kan word.

Dit word skynbaar by voorbaat aanvaar dat die kommentaar oor die Bybelse inhoud van Belhar positief sal wees en die deur sal

oopmaak vir Belhargesinde predikante om dit te preek, terwyl 'n deel van die kerk en van sy gemeentes Belhar juis vanweë sy twyfelagtige Bybelse inhoud verwerp. **Dit lyk na 'n goeie resep vir kerkskeuring.**

- 3) In die nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke akkommodeer sonder dat enige iemand (kerk?) gedwing word om Belhar te aanvaar of prys te gee.

Die enigste manier waarop dit gerealiseer kan word, is o.i. as iets soos die "ruim huis"-model van die NGK-Algemene Sinode van 2004 aanvaar word. Partikuliere kerke hoef dan nie die kontemporêre belydenisse wat hulle eensydig in die lig van hulle besondere teologiese oriëntasie opgestel het, van afstand te doen nie. Die ander kerke wat die klassieke gereformeerde belydenisskrifte saam met alle gereformeerde kerke die afgelope 400 jaar reeds as "die ware en volkome leer van saligheid" bely, hoef Belhar nie as ekstra belydenis te aanvaar nie.

- 4) Die waarde wat Belhar as belydenisskrif vir die VGK het, word gerespekteer. Dit is presies waarom die NGK bereid is om dit as 'n partikuliere belydenis in die belydenisgrondslag van die verenigde kerk op te neem.

Die "ruim huis"-model veronderstel m.i. dat die verenigde kerke tot 'n hoë mate hul selfstandigheid sal behou - sê maar soewereiniteit in eie kring - dit wil sê hul eie kerkrade, ringe en sinodes. Ringe en sinodes is, soos kerkrade, regs persone, besit eiendom, beheer fondse ens.

Maar dit is sake vir die "model"

Die konfessionele basis (vervolg)

Ten opsigte van punt 5 en 6 sê die "Voorstelle":

"Die volgende punte gee konsensus tussen die VGK en NGK weer:"

5. Belhar word as die vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag van die nuwe kerkverband opgeneem, maar van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is nie, word nie verwag om dit te onderskryf (aanvaar) as belydenisskrif nie.

6.....die groei na volle aanvaarding van Belhar is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

Hierdie twee punte kan as die mees skokkende stellings in die hele stuk beskou word. Hier word namens die NGK "konsensus" met die VGK bereik oor 'n siening oor Belhar wat lynreg in stryd is met die standpunt van derduisende lidmate van die NGK met wie

die kerkleiding skynbaar óf geheel uit voeling is óf wat eenvoudig geïgnoreer word.

Ons vermoed die uitslag van 2006 se kerkraadsbesluite was dat ons lidmate, gemeentes en kerkrade oorwegend gekant was ten die aanvaarding van Belhar as belydenisskrif. In plaas van die uitslag aan die kerk bekend te maak, kom ons kerkleiding met die aankondiging van die “deurbraak” wat gemaak is. Nou kan die eenwordingsproses maar voortgaan!

Nou, ‘n jaar later, word ons ingelig dat met die “deurbraak” bedoel word dat met die VGK konsensus bereik is dat wanneer Belhar opgeneem word in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk, hulle begrip daarvoor sal hê dat daar lidmate en gemeentes van die kerk sal wees wat nie kans sien om dit persoonlik as belydenisskrif te onderskryf nie (Punt 6, p 11)

Ons gewone lidmate is onder die indruk dat daar in die reses met die ander kerke gesprek gevoer word binne die raamwerk wat deur die besluite van die laaste Algemene Sinode gestel is, nie om konsensus met die VKG te soek nie.

Hierdie “konsensus” is eintlik kapitulasie voor die onverwaterde eise van die VGK.

Alle eer aan die NGKA en die RCA wat steeds weier om hulle op sleeptou te laat neem, nadat hulle van die begin af hulle losgemaak het van die NGSK (latere VGK) se status confessionis en kettery-klag teen die NGK en by die NGK gestaan het in die verwerping daarvan.

Dat ons kerkleiding hulle nou in die steek laat om die VGK ter wille te wees, is vir baie lede van die NGK ‘n saak van verleentheid en droefheid.

Punt 6 se “groei na die volle aanvaarding van Belhar (het ons gemeentes besluit) “trek ‘n streep deur die voorafgaande.....niemand kan seker wees van die toekoms nie. Daar kan dan kort na eenheid allerlei stappe geneem word om die “ongelowiges” te dwing om ook in Belhar te moet glo!”

Van prof. Kgatla en dr. Boesak se verklaring in antwoord op prof. Strauss se siening, kan afgelei word dat nuwe predikante in die verenigde kerk die eerste sal wees wat gedwing sal word om Belhar te onderteken. (Die Burger 10 September 2007)

Jongmense wat die belydenis aflê, sal onvermydelik die volgende wees.

Met die voorstelle in hierdie konsultasie-stuk neem die betrokke kerkleiers ‘n paar tree nader aan kerkskeuring.

Die NGSK kon in 1994 die skeuring van die NGKA verhoed het, maar het nie – die protes van die NGKA in die Vrystaat en Phororo is geïgnoreer. Nou stuur hulle daarop af om die NGK te laat skeur – **en ons leiers werk saam!**

Wat punt 2 van die konfessionele basis betref, naamlik voortgesette gesprekke tussen die vier kerke ten einde ooreenkoms te bereik en 'n gesamentlike kommentaar te lewer oor:

Die Bybelse inhoud van die Belhar belydenis

Ons sinodes het oor die afgelope jare uiteenlopende standpunte oor die BB ingeneem:

- dat dit die NGK onbillik van kettery en afgodery beskuldig,
- dat dit 'n horisontalistiese versoeningsleer daarop nahou,
- dat afgesien van sy ontstaansgeskiedenis, daar met sy inhoud op sigself niks verkeerd is nie
- dat dit nie in die weg van kerkeenheid hoef te staan nie, e.s.m.

Daar is na my wete nog nooit 'n studie gemaak waarin die stellings wat in die BB gemaak word en die veroordelings wat uitgespreek word, punt vir punt getoets word aan Skrifgedeeltes wat genoem word en aan die res van die Skrif nie.

Dit is o.i. hoog tyd dat iets van dít aard onderneem word. Daar moet 'n keer krities gekyk word na die soort teologie en eksegeese wat in die BB aan die woord is.

Die BB, sê prof. Willie Jonker, word gekenmerk o.m. deur sy eenvoud en doksologiese styl, die gebruik van baie Bybelse uitdrukkings, sy vloeiende woordgebruik en sy aansluiting by die gereformeerde tradisie. (*W D Jonker; Bevrydende Waarheid*)

Jonker het geglo dat net één mens dit so kon formuleer, naamlik prof. Dirkie Smit. Later het hy vasgestel dat ander UWK-teoloë en dr. A Boesak ook by die opstel van die belydenis betrokke was, maar dat prof Smit inderdaad 'n groot rol by die formulering daarvan gespeel het.

Niemand het dan ook die inhoud en betekenis van die BB openhartiger uitgelê as prof. Smit nie.

Hy probeer nie die inhoud van die BB losmaak van die konteks waarin dit ontstaan het nie. Inteendeel, hy sien die belydenis as die definitiewe resultaat van 'n ontwikkeling in die lewe van die NG Sendingkerk.

Die ontwikkeling het skynbaar alles te doen gehad met die NG Sendingkerk se siening van sy eie bestaan as selfstandige kerk. Uit die Acta van die NG Sendingkerk se sinodes uit die vyftiger en sestiger jare van die vorige eeu, blyk dat die NGSK *“kerklike differensiasie.....as 'n praktiese reëling wat Skriftuurlik veroorloof is, goedgekeur het....Die hoogerwaarde Sinode is daarvan oortuig dat elke bevolkingsgroep deur selfverwesenliking en*

selfontplooiing die beste bydrae kan lewer tot die liggaam van Christus op aarde.”

In die BB sien die NGSK sy bestaan in 'n ander lig. Aparte kerkformasie is nou vir hom die gevolg van die verbreking of selfs “verskeuring” van die kerk op grond van kleur.” (*Cloete G D en Smit D J: 'n Oomblik van Waarheid p 43*)

In hierdie ontwikkeling in die lewe van die NGSK, sê prof. Smit, het “die eie seuns van die kerk” (lees dr. Boesak en ander bruin leraars) 'n beslissende rol gespeel. Die vermoede (van kritici) dat die BB geïnspireer is deur sogenaamde politieke teologie, die teologie van evolusie, die bevrydingsteologie of die swart teologie, is volgens prof. Smit nie ongegrond nie.

“Dit is eenvoudig so dat die “swart ervaring” 'n wesenlike rol gespeel het in die lewe van die NGSK en dus ook in die wyse waarop die Bybelse boodskap gehoor en in die Christelike geloof bely word. Terme soos “bevrydingsteologie” en “swart teologie” het vir talle lidmate en ampsdraers 'n positiewe klank. Allerweë word gepleit om 'n “relevante” en “kontekstuele” teologie.” (Oomblik...p 67,71)

Hiermee is die teologiese klimaat waarin die BB ontstaan het, treffend gedefinieer.

Wat is kontekstuele teologie?

Dit is die produk van die manier van Bybeluitleg wat sy vertrekpunt nie in die Skrif neem nie, maar in die heersende situasie. “*Our starting point*”, sê **Albert Nolan** van die **Institute for Contextual Theology**, “*is the urgent reality of our present historical situation.*” Ons lewe, volgens Nolan, in 'n maatskaplike bestel waarin armes deur die rykes verdruk word sodat die armes al armer en die bevoorregtes al ryker word. Armoede is die oorsaak van verontregting, verdrukking en uitbuiting. (*Jesus before Christianity*)

Vanuit hierdie konteks en met hierdie denkraamwerk word dan na die Bybel gegaan. Jesus word nie gesien as redder wat gekom het om sondaars van hul sondes te verlos nie, maar as bevryder van die armes en verdruktes uit hulle aardse ellende. Jesus het na Jes. 61:1-2 verwys om sy werk as bevryder van die armes en verdruktes te illustreer. Met blindes, dowes, stommes, kreupeles, lammes, gevangenes, armes en vertraptes word eenvoudig die armes en verdruktes bedoel. Die goeie tyding (evangelie) wat aan die armes gebring word, is die boodskap van bevryding uit die mag van hulle verdrukkers (*Nolan a.w. p 44*)

Dit is opvallend dat die sinsnede “*the poor and the oppressed*” dosyne male in hierdie boek herhaal word. En die “oppressors” was nie die Romeinse owerheid nie, maar die geestelike leiers, die Fariseërs, Sadduseërs en Skrifgeleerdes, priesters en ouderlinge, die grondeienaars, rykes en bevoorregtes.

Die Kairos-dokument.

Die belangrikste publikasie wat deur die *Institute for Contextual Theology* sedert sy ontstaan in die sestiger jare versprei is, was die *Kairos Document*. Die bevrydingsteologie is daarin ongebreidel aan die woord. Dit deklameer dat *“the conflict in South Africa is between the oppressor and the oppressed... The god of the South African State is not merely an idol or false god, it is the devil disguised as Almighty God – the antichrist.”*

Hierdie teologie gaan sonder voorbehoud uit van die Marxistiese maatskappy-analise waarvolgens al die kwaad en ongelykhede in die samelewing aan die klassestryd, die verdrukking van die armes deur die rykes, te wyte is. *“Die evangelie en beloftes van God (word) gebruik om die politieke stryd van die onderdruktes te seën en ondersteun.”* (Jonker; *Bevrydende Waarheid*.)

Dr. Allan Boesak was een van die ondertekenaars van hierdie dokument wat in 1985-86 verskyn het, dieselfde jaar waarin die BB finaal aanvaar is.

Die Bybelse boodskap dat God die belange van noodlydendes op die hart dra, word in die bevrydingsteologie en Kairos-dokument *“verenig tot politieke wapen wat die evangelie aan ‘n ideologie diensbaar maak.”* (Jonker: *Bevrydende Waarheid p170*)

Die vraag is of die BB aan hierdie oordeel kan ontkom, verál in die lig van

Artikel 4 (van die BB): “God op besondere wyse die God van die arme en verontregte.”

Ons glo van nee, dit kan nie: Op grond van prof. Dirkie Smit se verklaring hierbo en op grond van die manier waarop armoede en verontregting in die BB aan mekaar gekoppel word, net soos Nolan se kontekstuele teologie. Ook hier word die evangelie diensbaar gemaak aan die bevrydingstryd.

Nolan skryf Jesus se bemoeiing met die armes toe aan sy *“compassion”* – Sy deernis en medelye met hulle. Hy het honger skares innig jammer gekry omdat hulle soos skape sonder herder was. In díe opsig staan Nolan nader aan die ware inhoud van die evangelie as Belhar wat God se partydigheid vir die armes uitsluitlik aan Sy geregtigheid toeskryf.

Wie die Bybelse siening van rykdom en armoede ewewigtig wil verwoord, moet óók daarop wys dat God op ‘n baie besondere wyse die God van Abraham, Isak en Jakob, van Moses en Job, Dawid en Salomo was, wat almal selfs in vandag se terme, skatryk was. En dat armoede die gevolg kan wees van luiheid (Spr.6:6,9,11) gebrek aan inisiatief, onbekwaamheid, minderbedeeldheid (Matt.25:15) en so meer.

Die BB baseer sy stelling dat God op 'n besondere wyse die God van die arme en verontregte is, onder meer op dieselfde Skrifgedeeltes waarop Nolan hom ook in sy kontekstuele teologie beroep naamlik Jes. 61:1-3 en Luk. 4:18-19. Dit word op 'n lukrake wyse gedoen sonder inagneming van die Bybelse konteks waarin die profesie uitgespreek is. Jesaja bring vir die volk in ballingskap – die moedeloses, beproefdes, geteisterdes (*Engels: afflicted*) – die blye boodskap van verlossing uit die ballingskap. Dieselfde geld vir Ps. 146. Dit is na die ballingskap geskryf, moontlik deur Haggai en/of Sagaria, om die Here te prys wat aan sy verdrukte volk weer reg laat geskied het. (*vergelyk vir die “weduwees en weeskinders” Klaagliedere 1:1 en 5:3*)

Die eensydige stelling dat God op 'n besondere wyse die God van die arme en verontregte is, loop in art. 4 van Belhar uit op 'n woordryke betoog oor God se geregtigheid.

Na 'n paar digterlike frases uit Amos 5 oor “die reg (wat) aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos standhoudende strome,” word die kerk opgeroep om te getuig teen alle magtiges en bevoorregtes – alles in tipies kontekstueel- en bevrydingsteologiese trant.

Die eenheid van die kerk

In art. 2 van die BB word, soos in die Apostolicum, die geloof bely in die algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, met die toevoeging “*geroepe uit die ganse menslike geslag.*”

Dit spreek vanself dat die eenheid van die kerk nie met die fisiese oog gesien kan word nie – die ganse menslike geslag woon immers rondom die aarde.

In die volgende volsin word gelowend betoog dat die eenheid van die kerk as geloofsgemeenskap tog sigbaar word dáárin dat die gelowiges onderling met mekaar versoen is.

Die versoeningswerk van Christus word ietwat onverwags by wyse van 'n logiese sprong ter sprake gebring, met die hoofklem op die versoening tussen mens en mens. As bewysplaas word Ef. 2:11-22 aangehaal: deur Sy kruis het Christus 'n einde gemaak aan die vyandskap tussen Jood en heiden deur die twee met God te versoen en tot liggaam te verenig (v 16)

§“Heidene” was 'n versamelnaam vir alle nie-Jode wat die ware God nie geken het nie. Die verwydering tussen Jode en heidene was die gevolg van die Jode se minagting van die heidene enersyds en die heidene se verset teen die Joodse wettisme andersyds; dit het niks te make met skeiding of vervreemding tussen rasse nie. Die “een liggaam” waarin Jood en heiden verenig is, was die kerk, die liggaam van Christus. Aan die een liggaam behoort al die gelowiges uit al die heidennasies onder wie Paulus gewerk het – vgl. Ef. 3. Al die gemeentes wat uit die verskillende heidennasies ontstaan het, was nie

in een sigbare band aan mekaar verbind nie – hulle was één in gees, geloof, hoop en liefde. In elke plaaslike gemeente, ja, dáár was die eenheid sigbaar in die onderlinge eensgesindheid.

Die eenheid van die kerk, sê **Karl Barth**, hang daarmee saam dat die Heilige Gees in al die gemeentes woon. In weerwil van die mees ingrypende verskille bestaan gemeentes nooit absoluut apart van mekaar nie. Die ware ekumeniese Christene is nie diegene wat oor verskille fladder nie, maar diegene wat in hul eie onderskeie kerke konkreet gestalte gee aan die kerk (*Dogmatics in Outline p143*)

Ef. 2 kan dus nie dien as 'n teologiese onderbou vir die volgende stelling, nl. *“dat die eenheid van die kerk...daarom gawe én opdrag is”* nie. Die BB se hele betoog in verband met die eenheid van die kerk gaan daarom dat die eenheid in een kerkverband sigbaar gemaak moet word.

Ef. 2 bied nie steun vir dié opvatting nie. As die herskepping van Jode en heidene tot een nuwe mensheid voorgehou word as 'n versoening tussen mens en mens, word die begrip versoening buite konteks gebruik. **Dit is nie langer uitlegkunde nie maar inlegkunde.**

Dieselfde geld vir die manier waarop Joh. 17: 11, 20-23 misbruik word in die betoog dat die eenheid van die kerk in een kerkverband of een instituut tot uitdrukking moet kom. **Dr. Willem Hendriksen** sê in sy omvattende kommentaar op Johannes: Jesus bid nie dat alle denominasies een dag een reuse denominasie mag word nie.....toe Hy gebid het, was daar nog geen denominasies nie.

Die Bybel maak geen melding van kerkverbande (Ringe en Sinodes) waarin gemeentes georganiseer word nie; die gereformeerde belydenisskrifte ook nie. Die gereformeerde teoloog, **prof. J H Bavinck**, sê verskille in taal, milieu en kulturele agtergrond kan dit beslis wenslik maak dat die “ou” en “jong” kerke afsonderlik vergader en eie Sinodes konstitueer. (1954)

Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het in 1963 hierdie siening onderskryf. Die eenheid van die kerk, sê die GES, kan, waar omstandighede dit toelaat, gereflekteer word in die hou van gesamentlike Sinodesittings of in ander organisatoriese vorm.

In die lig van die voorafgaande, behoort ons kerkleiding te besef dat die ideaal van kerkvereniging in een Algemene Sinode haas onhaalbaar is en te herbesin of daar nie 'n ander vorm van kerkeenheid, soos byvoorbeeld deur Bavinck voorgestel, oorweeg moet word nie.

Hennie Conradie
Hermanus
Oktober 2007